



Dinamiet Kiedz Pannekoek - Dinamiet Kiedz verkoop weer pannekoek om geld in te samel vir die klaskamers. R6 'n pannekoek. Bestel/betaal voor Donderdag 27 Mei 14:00 en haal jou bestelling Sondag 30 Mei direk na die erediens af.

WEGNEEM-ETE BASAAR- Saterdag 26 Junie

Ons hou weer basaar en benodig skenkings vir die "poeding" - jellie, kondensmelk, Ideal Melk en vla. Kontant skenkings ook welkom. Hou die spasioe dop vir meer inligting

Vadersdag: word vanjaar op Sondag 20 Junie gevier en nie Sondag 13 Junie, soos in die gemeentegids aangedui nie.

Skoolkwartale: Die onderwysdepartement het die skoolkwartale vir 2021 in Februarie vanjaar aangepas weens Covid, dit nadat die gemeentegids reeds gedruk en uitgegee is.

Nuwe skoolkwartale vir openbare skole

15 Februarie – 23 April

03 Mei – 09 Julie

26 Julie – 01 Oktober

11 Oktober – 15 Desember

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

✚ Baie dankie vir al die kospakkies wat die laaste paar weke by die kerkkantoor afgegee word! Elke bydra maak 'n groot verskil. Opregte waardering!!

✚ 250 mense word nou tydens eredienste toegelaat, dus geen video-boodskappe vir nou.

KOEKIES & KONFYT

✚ Koekies (R20) en beskuit (R40) nou in die kerkkantoor beskikbaar!

✚ Druiwekonfynt (Hanepoot) nou in die kerkkantoor beskikbaar! (R40/R50)

FEESMARK

✚ Aansoeke vir uitstallers vir die Feesmark het gesluit.

Herfs het nog altyd vir my 'n spesiale bekoring gehad. Die prag van die natuur wat verkleur is aanskoulik, lafenis vir die siel, sag op die oog, 'n kunswerk van God.

Verlede jaar die tyd was dit streng grendeltyd. Dié jaar ry ek soggens van Stellenbosch af Strand toe. Prag tonele ontmoet my elke dag, dis my bederf. Ek het verlede jaar op dit uitgemis en dit nie eens geweet nie.

Want soggens, as die son so deur die bome beur, lê die wingerde in goud omhul en die palet van herfskleure hang aan die blare van die laning bome langs die pad. 'n Kunswerk.

Daar is 'n mooi in elke seisoen en in elke natuurtoneel, maar herfs bly vir my uniek. As jy te lank vat om tyd af te staan om te stop en 'n foto te neem, is jy midde in winter en die herfs kaleidoskoop verby.

So is dit met vriendskappe en verhoudings ook. Elkeen vertel sy eie storie, kleur sy eie prentjie in, maar soms wag ons te lank om vergifnis te vra, om uit te reik, of om die langverwagte oproep te maak, of om by 'n geliefde te gaan kuier... 'n mens stel uit, want môre is nog 'n dag en as jy weer sien is jou verhouding/vriendskap/situasie diep in die winter en die geleentheid is verby.

VOORBIDDING

- ♦ Ds. Petrie de Villiers vir sy boodskap
- ♦ Karen Potgieter is in die hospitaal na 'n perdry-ongeluk. Ons bid vir beterskap.
- ♦ Anna Hanekom, vir gesondheid.
- ♦ Sybrand Vermeulen vir gesondheid.
- ♦ Paul Louw ontvang mediese behandeling, ons bid vir gesondheid.
- ♦ Vir elke persoon wat siek is, in die hospitaal is en die wat tuis aansterk!

As ons vir jou, jou familie of vriende kan bid, stuur asseblief 'n boodskap met jou gebedsversoek na 0825605283 of stuur 'n epos na admin@lourensrivier.co.za. Jy kan jou naam bysit, of anoniem bly. Bv. Bid asb. vir ... vir die werksonderhoud Vrydag. Of Bid vir ...wat in die hospitaal is (ens)

LIFELINE JEUG PRAISE AND WORSHIPen pannekoek

Kom geniet 'n aand vol
"praise and worship"
en die lekkerste pannekoek
in die Strand.

PLEK:

NGK. LOURENSRIVIER-STRAND


DATUM:

SONDAG 06 JUNIE

TYD:

17:30 – 19:00

Plaas pannekoek bestelling by
Attie 0794422230 @ R5 'n
pannekoek.



DANKOFFERS / BYDRAES

Jy kan ook jou dankoffer en bydraes vir die gemeente deur die **ZAPPER selfoon toepassing** gee.

Vir meer inligting of navrae:
Charlene @ 021 853 5991

Lourensrivier Gemeente

ABSA (Strand)

Takkode: 334-312

Reknr. 420 580 231

Betalingsbewys asb.

Aan: fin@lourensrivier.co.za



Program vir die week

SONDAG 30 MEI

09:00 *Erediens. Petrie de Villiers. 250 mense toegelaat. Geen video-boodskap.*

09:00 *Dinamiet Kiedz/Belofteland*

17:30 *Lifeline Youth*

MAANDAG 31 MEI

19:00 *Kerkraadsvergadering*

DINSDAG 01 JUNIE

09:00 *Veritas Bybelskool*

WOENSDAG 02 JUNIE

08:00 *Senior Manne*

09:00 *Vroue Bidgroep (kom sluit gerus aan)*

09:00 *Veritas Bybelskool*

DONDERDAG 03 JUNIE

09:00 *Gebedskursus (gratis)*

VRYDAG 04 JUNIE

05:30 *Sakemanne*

06:00 *Mannebyeenkoms*

SONDAG 06 JUNIE

09:00 *Erediens: Ds. Petrie de Villiers*

09:00 *Dinamiet Kiedz/Belofteland*

17:30 *Lifeline Youth - LIFELINE JEUG, PRAISE AND WORSHIP....en pannekoek*

Nuus uit die omgewing

BERG-EN –SEEKLUB vir SENIOR BURGERS

BYEENKOMS: Do 3 Junie 2021: Tyd: 9:30 vir 10:00

PLEK: N G Moederkerk Somerset-Wes, Andries Pretoriusstraat

Dr Lizelle Smit, Navorsers van die **Argief op Stellenbosch**, kom met 'n baie **interessante aanbieding** oor die vroeë mediese geskiedenis van Suider-Afrika, met spesifieke verwysing na die **Helderberg-Kom**.

Sy gebruik o.a. die lewensbeskrywings van die eerste vrouedokters “wat óf sending dokters óf aweregse rebelle” was. Hierdie gaan 'n unieke aanbieding wees!

Ds Carel Smith neem die **Skriflesing en Gebed** waar en sal ook as **musiekkunstenaar** (eie begeleiding) 'n aantal gewilde liederes sing. (“You raise me up” ens)

Almal is hartlik welkom! Toegang slegs R 10. Sappies word agterna bedien.

DANKFEESBASAAR

Saterdag, 29 MEI 2021, 09:00 – 14:00

NG GEMEENTE STRAND-NOORD

Joubertstraat, Strand

Teetuin

Pannekoeke / Kerrie & Rys

Hoendersosaties & wors

Brood & beskuit

Koek en Basaarpoeding

Kunsvlyt – handgemaakte geskenke

Wit olifanttafel

Vars groente en vrugte



Geestelike Leierskap & eietydse uitdagings

Leierskapsontwikkeling en Toerusting; Geestelike Opbou & Bemoediging

18-19 Junie 2021 (Vry & Sa @ 09:00)
VENUE: Gereformeerde Kerk, Strand, Aaltenstraat 7

Spreekers: Ds Willem Badenhorst, Prof Henk Stoker, Dr Willie Mc Loud, Ds Carel Smith

- Koste: R250 pp (Sluit 2 middagetes in) - RSVP 14 Junie 2021
- Registrasie en betaling: 021 854 4584/ <https://tinyurl.com/1i3uku72>
- Navrae: Carel by 072 278 9225 of epos na carel@ngss.co.za

NGK Lourensrivier-Strand

SNUFFELMARK 2021

Laaste Woensdag van elke maand.

**Geen snuffelmark Oktober,
November & Desember**

12:00-13:30

WOENSDAG:

30 Junie

28 Julie

25 Augustus

29 September

Jenningsstraat / 0218535991

Vadersdag

Sondag 20 Junie

Ondersteun ons borge / Ondersteun plaaslik

JC VORSTER 065 816 9617
HEARING CARE
...for better hearing,
 • Medical aid rates • Easy parking access
 • Hearing Tests • Hearing aids • Batteries
 • Noise / water / sleep protection earplugs
 • Quotations on repairs and new hearing aids
...and professional audiology services.
 Spar/Goede Hoop Centre, Broadway Blvd. & Da Gama Street, Strand, Shop 4



bp helderberg
 BROADWAY 87 STRAND
021 854 7200



FIRE UP
WE DELIVER
 • BRAAI AND KAGGEL WOOD
 • GARDEN REFUSE / RUBBLE REMOVAL
 Andre 076 019 8279



Your Property Consultant
Renette Oosthuizen
 c +27 82 672 7950
 e renette.oosthuizen@harcourts.co.za
Harcourts Platinum



JN POOLS
 & GENERAL MAINTENANCE
 JEAN NAUDE: 082 559 6285
 • Fibreglass Relining • Core Drilling
 • Pool Installation • Pool Repairs
 • Water Saving • Paving
 info@jnpools.co.za www.jnpools.co.za



FTH ACCOUNTANTS
 The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
 Professional Accountant (SA)
 Tel: 021 853 4266
 Cell: 082 741 7076
 Fax: 088 021 854 5741
 E-mail: floris@fthacc.co.za
 20 Conradie Street
 Strand, 7140
 Skype: ferhaar



HBP
 HELDERBERG BUILD & PAINT
STUART JACKSON
 082 872 6830 info@hbpcconstruction.co.za
 www.hbpcconstruction.co.za



SASOL
 reaching new frontiers
Willie Strydom
 Trustee & Franchisee
Sasol Somerset West Trust
 c/o Broadway & Kynoch, Somerset West
 PO Box 1520, Strand, 7139, South Africa
 Tel: +27(0)21 852 3828
 Fax: +27(0)21 852 3819
 Cell: +27(0)79 878 3155
 willie.strydom@abamail.co.za



MSA
MARIUS STENEKAMP
 ATTORNEYS
 Unit 2, Little Greece
 George Str, Strand
 P.O. Box 1170, Strand, 7139
 Tel: 021 837 1235/6
 Fax: 086 274 2003
 Cell: 084 448 4429
 marius@stenekamp.co.za
 www.stenekamp.co.za



Dr Wimpie Basson
 B. Ch. D. (Stell) • Pr. No. 5439752
Helderberg Dentists
 T 021 853 7201 F 021 854 4347 C 083 629 1672
 E drbasson@iafrica.com www.helderbergdentists.co.za
 Hoofweg 115 Main Road, Strand
 PO Box 422, Strand 7139



NAILIT
 HANDYMAN SERVICES
 • Painting
 • Tiling
 • Roof repairs
 • Bathrooms
QUALITY WORKMANSHIP
Pierre Oosthuizen
 072 929 4373



Karen Burke
 From Rump to Ribby & Beyond
 0720400614
 info@karenburkephotography.co.za
 www.karenburkephotography.co.za
 Social Media
 @karenburkephotography



Jou finansiële toekoms is ons ens
 • Besighedsbeplanning • Persoonlike dekking
 • Boedelbeplanning • Voorsiening vir aftrede
 • Beleggingsadvies • Inkomstebeskerming
 Besoek ons ry Van Pynneklaarstraat 18, Strand.
Willie Fourie
 Senior Finansiële Beplanner
 021 853 2176 | 082 488 1039
 admin@arcani.co.za
Arcani
 Finansiële Adviesdienste
 Santam is 'n Oekraanewerde Verduurder van Finansiële Dienste



STRAND KWIKSPAR
 Goedehoop Centre, Cnr Broadway & Da Gama
 Strand, 7140
 T: 021 853 2096
 F: 021 853 7674
 E: strandspar@hotmail.com
 www.spar.co.za



Flameros
 CHICKEN GRILL
021 854 7774



Dirk Gevers, Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika skryf:

Liewe Medewerker,

Ons nader die middel van 2021 en dit is met diepe dankbaarheid dat ek terugvoer gee oor die belangrike werk wat die Bybelgenootskap gedoen het om die Woord van God te versprei. Dit alles ten spyte van die beperkings wat Covid-19 nog steeds noodsaak.

In die winter uitgawe van *Die Saaier* brei ons meer uit oor ons werksaamhede van die afgelope paar maande. Daar is verskeie inspirerende stories van mense wat 'n passie vir Bybelverspreiding het, asook hul pogings om hierdie wonderlike boek met ander te deel. Ons deel ook in die vreugde van 'n aantal taalgroepe wat, danksy die voltooiing van vertalings van Bybels en Bybel gedeeltes in hulle betrokke tale, nou ook toegang tot God se Woord het.

Ons *Oorsig*, 'n opsomming van die Bybelgenootskap se werksaamhede en ander mylpale wat in 2020 behaal is, is ook by hierdie e-pos ingesluit.

Ek vertrou dat jy dit sal geniet om hierdie publikasies te lees en dat jy bemoedig en geïnspireer sal word deur alles wat daar vermag is. Die voortgaande werk sou egter nie moontlik gewees het sonder ons medewerkers, soos jy, se onwrikbare ondersteuning van die Bybelgenootskap en sy visie van 'n Bybel vir almal nie

Die Saaier Winter 2021 <http://image.contact.biblesociety.co.za/lib/fe92137375670d7f70/m/1/f5204432-1c9d-4171-8af5-abfe0336c782.pdf>

Oorsig : <http://image.contact.biblesociety.co.za/lib/fe92137375670d7f70/m/1/e5d9b04d-7e34-41f7-a0a7-07edea26230c.pdf>